

Herinneringe aan die Van der Walt-gesin

Annemie de Wet (née van der Walt)

Mooi Hawens, Winklespruit

Annemie de Wet

Annemie is op 16 April 1927 gebore en was 77 jaar gewees toe sy eers per brief en daarna telefonies vertel het hoe sy haar oupa Koos en ouma Annie van der Walt en die gesin onthou. Die herinneringe gaan terug na die vroeë dertigerjare en strek tot einde 1938 met haar laaste skoolvakansie by Oupa en Ouma. Haar ouma Annie is op 25 Februarie 1939 oorlede toe sy bykans 12 jaar oud was, waarna die kuiers by Oupa en Ouma tot 'n einde gekom het. Sy het Oupa Koos daarna wel nog enkele kere gesien, maar die samesyn van die gesin was nie meer daar nie.

Daar is nog verskeie opgeneemde bande met haar herinneringe wat nog nie getranskribeer is nie

Annemie saam met haar twee oumas, Johanna en Annie van der Walt (albei née Venter).

Bylae verskaf deur mev. A M (Anna) Martin



1ste Episode

November 2004

Ouma en Oupa Annie en Koos se plotte was aan die onderkant van Pretoriusstraat – daardie tyd die hoofstraat. Mnr. en Mev. Martin¹ was ook in daardie straat – net hoër op na die middedorp se kant. Naby Hanekom se winkel se kant. Oorkant die straat van Oupa-hulle se huis, het Boet Tjaart (toe ’n oujongkêrel), grond gehad met ’n enkelkamerhuis, ek was nooit binne.

Oupa en Ouma se huis was die laaste een in die straat. Naby hulle was ’n Engelse familie (King ?) – ook langs die Vaalrivier. Dick en ek het altyd weggeloopt daarheen. Hulle het ’n klein winkeltjie vir werkers/arbeiders gehad, met allerhande negosie (somer klein). Oupa het ons twee die dood voor die oë gestel as ons na die Engelsman gaan. Toe het ons deur die lang gras en bloekombome gesluip om 1d (pennie) se lekkers te gaan koop. Die mense was altyd so bly om die boertjies se gesiggies te sien. Die Afrikaners wou niks met hulle te doen gehad het nie. Net “Goeie dag” en “Totsiens”. Ek skryf nie hierdie goed vir jou boek nie, maar dat jy die gevoel van daardie tyd kry.

Oupa het self die platdakhuis gebou. ’n Oop stoep, sonder reëlings, een trap; 2 voorste slaapkamers, ’n lang gang; voorhuis; uit dié loop nog ’n slaapkamer. Aan die onderent van die gang (altyd was alles blink, skoon en vars), was die yslike kombuis. ’n Pragtige klok – met ’n goue patroontjie daarop gevef; ’n yslike es met ’n groot ketel, met ’n kraan – daarin was die koffie wat Ouma self die bone gebrand en gemaal het. Ek kan nie raai hoeveel koppies koffie Oupa (swart en bitter), daaruit gedrink het nie. As ek nou daaraan dink, het die koffie en pruimtwak nie gehelp met sy lewer nie. Julle Oupa kon raak spoeg met sy pruimpie.

Ouma was seker een van die stilste menses wat ek teëgekomp het. Die kombuis het een venster gehad. So ’n klein vierkantjie – daar het Ouma elke middag met haar staalraambrillettjie gesit en stop; sokkies, hemde en die seuns se broeke.

Die een muur van die kombuis was so te sê van die plafon af kas. Daar was ingelegde groente, vrugte en konfynt (wat Dick altyd na skool op dik snye brood gegaps het). Daar was ook ’n wakis vir soetkoekies, beskuit, stroopkoek en droëvrugte – daar was altyd iets te ete.

Die een muur van die kombuis was so te sê van die plafon af kas. Daar was ingelegde groente, vrugte en konfynt (wat Dick altyd na skool op dik snye brood gegaps het). Daar was ook ’n wakis vir soetkoekies, beskuit, stroopkoek en droëvrugte – daar was altyd iets te ete.



Ouma Annie van der Walt se bril

Nou weer Ouma se geaardheid: Stil, altyd die minste en gemoedelik. Die kinders het haar verafgood. Sy was die hardwerkendste vrou wat jy jou kan voorstel. Haar laaste baba het sy gehad toe sy in haar laat 40's² was. Dries is ses jaar ouer as ek, en ek is twee jaar na my ouers se troue – d.w.s. Dries was toe vier jaar – so ver ek weet is my Ma die derde oudste dogter. Ek het gehoor een van die susters het met die ander gesels (grootore). Jy weet, Anna, ek kan blokke vol skryf en hoe meer ek skryf hoe meer kom die gedagtes terug.

Oom Roelf van der Walt was die enigste huurmotor-bestuurder. Sy dogter was bevriend met Tannie Lil. Daar was ’n seuntjie, maar wie weet ek nie.

Oupa het vrugte aan ’n smous verkoop en ek vermoed Johannesburg toe gestuur. Teen die tyd wat ek in die familie ingekom het, was dit na die oorlog en hy was baie slim, en het glo vir President Steyn ingestaan,³ het baie hard gewerk,

© A. M Martin

Bylae C

maar in homself geleef. Hy was lief en kwaai vir sy kinders. Maar ek nou in my jare, kan ek my voorstel dat hy sielsmoeg was. Maar 'n slim en flukse man was hy tot Ouma se dood. Toe was dit of die lus vir die lewe verdwyn het en hy nie 'n holte vir sy voete kon kry nie. Maar terwyl Ouma daar was, was niks vir sy hande onmoontlik nie. Hy en Ouma was lief vir mekaar en voorbeeldige, Christelike mense vir wie niemand 'n vinger kon wys en sê julle het die of dat skandelik of nalatig behandel nie.

2de Episode

November 2004

Wat ek in my eie gedagtes gehou het:

Ons (my ouers en ek) het per trein Christiana toe gegaan. My slaapplek soos julle kan raai, was die boonste. By stasies, wanneer die trein lank gestaan het, het ek deur hortjies geloer – na kelners en mense wat op- en afklim. (Definitief teen die reg en verkeerd doen.) Ons was agtuur, plus minus op Johannesburg stasie. Oorlê tot ek verveeld is of 6 uur nm. Die ou stasie en stad was vir my te pragtig. Vir Oupa sy “maarmeid” (marmite) gekoop (’n moét of jy is dood), Ouma – gesigroom, mooi sakdoekie en snuisterye. Dan verder. 5 uur vm op Christiana. Dick met sy lang, skruwe bene en Oupa of een van die ander broers wat tuis was met vakansie. Almal bondel tasse en al in oom Roelf se taxi. Hy was ook ’n van der Walt, verlang familie. Oe!!! Maar dit was pragtig so vroeg in die oggend. Meeste van die huisies nog vas aan die slaap.

Oupa-hulle se huis was die laaste in die straat, so daar was baie ruimte vir afklim en reg skud. Oop met hekkie, oor die leivoor se bruggie, af met Privetlaning en daar staan ons Oumatjie. Hare netjies gevleg, sisrokkie vars en skoon met ’n wit voorskoot – te pragtig. Og maat, maar dan is dit ’n deurmekaar gegroetery en soek na die kosmandjie, want Durban se kos is koningskos. Dit was heerlik. Nou kyk almal hoe groot het Baba (dis ek), behoed my, geword. En so was dit elke jaar tot die laaste jaar van haar lewe. Ek, ou grootoor, het gehoor hoe sy vir Mammie eenkant gesê het dat sy baie moeg is. Maar kind wat ek was, het nie op daardie stadium nie iets beteken nie.

Die meerderheid kinders het goed, en lief klaargekom. Net Saks en Kotie het hulle eenkant gehou. Broer Tjaart was die *Glamour Boy* van die familie. Die kinders het gedink die son skyn gedurig as die broers met vakansies aankom, met motorfietse en maats. Arme Ouma moes net regstaan met kos vir die hongerige maats.

Boet Tjaart kon pragtig skilder. Kätzie was die skaam viooltjie, altyd daar om vas te vat en as sy Frans se perd hoor dan gaan kruip sy weg. Arme Frans – hy moes swaar vry. Maar vir hom was dit die moeite werd.

Mappa was pragtig mooi en allerlief, klein hartjie. O! Ek het van Ousie Johanna en Ouman vergeet. Maar julle weet alles omtrent hulle, baie lief vir mekaar deur al die swaarkry, altyd daar as iemand iets nodig het. Boetie Van was die flukse besigheidsman. Hy het groente geplant, opgepas, geld gebêre, varkies gekoop, groot gemaak en weer verkoop. Nie ’n lui haar op sy kop nie.

Lil kon pragtige naaldwerk doen. Haar werkkamer was langs die Ramkamp. Ek was gewoonlik daar te vind. Het vir Oupa pakke klere gemaak uit afvallappies. Lil, Dick en Marietjie was die laaste drie kinders nog in die huis. Marietjie en Dick het swaar onder haar deurgeloopt. Amper vergeet: Kätzie het al die afrondwerk vir Lil gedoen vir ’n appel en ’n ei. (Jammer Jay.)

Daar is nog so baie. Feestye, interessante ontbyt, waatlemoenfees, visvang in die Vaalrivier. Elke namiddag mooi skoon aantrek en afstap rivier toe. Dan swem die seuns. In die maanlig voor die huis op ’n stuk oop veld – almal saam, gesels, sing, grammofoon speel, tot dit tyd was om te gaan slaap.

© A. M Martin

Bylae C

Opdatering	7.12.2017	Vordering	25	50	75	95
------------	-----------	-----------	----	----	----	----

Ouma en Oupa het net na aandete gaan inkruip, dan gesels die tweetjies oor wat ook al vir hulle van belang was.

Marietjie – my maat. Ons twee (sy was die jongste van die susters). Ons twee was baie goeie maats. Sy was heeltemal anders as die andere. Seker omdat sy jonger was. Hardekop, maar so sag soos botter, altyd in die middag na skool en ete onder die katel verdwyn, vir koelte en nie skottelgoed was nie. As sy vies was, het sy my op die kruiva gesit en na die leivoor en koel bome gestoot, en haar nood gekla en ek was te jonk om te klik (oor te vertel). Nou en dan op 'n Saterdagmiddag het ons dorp toe gestap (sandpad), en gaan fliet – 3d elk en 2d vir heerlike tuisgemaakte roomys. Aai, heerlike kinderdae. Sy was glad nie soos die ander susters nie – koppig, doen haar eie ding. Boetie Van, Dick en Nic⁴ het lyn met vishoeke en 'n groot klip in die rivier uitgegooi. Vroeg gaan intrek en ek weet nie wat hulle met al die barbers!!! gedoen het nie. Maar Ouma het die geelvisse gaargemaak, almal het die groot ontbyte van pap, wors en eiers, seker so 2 dosyn, en vis saam geëet. Lil moes die laaste eier altyd kry (or else). Dit was 'n kind se paradys.

3de Episode

Desember 2004

... [’n entjie] van die rivier af was daar ’n klein bruggie oor Pretoriusstraat, aan die regterkant hoë bloekombome en langs die leivoor was die huis gewees - net anderkant die bruggie na die rivier se kant toe. Die bloekombome was op Oupa se grond gewees. Oupa het baie grond gehad - hy het oorkant die straat [grond] gehad en as jy na die rivier toe ry het Boet Tjarie aan die linkerkant ’n groot erf gehad - Oupa se erwe was aan die regterkant gewees. Die huis was ook aan die regterkant gewees.

Oupa het twee perde gehad, ou *Blue* wat nooit van die huis af wou weggaan nie —hy hardloop net wanneer hy terugkom. Hy was die kinders se geliefde bont perd [’n appelblouskimmel]. Daar was ook ’n bruin perd gewees - ek weet nie of dit altyd dieselfde bruin perd was [wanneer ons daar gekom het nie]. Die kinders was nie so ingenome met die bruin perd soos met die wit perd nie.

Oupa het beeste gehad en gemelk. Buitekant die huis het hulle ’n roomafskeier gehad om die melk af te room en botter gemaak. Ouma het baie hoenders gehad wat hulle van eiers voorsien het, asook eende en ganse. Oupa het vars groente, perskes en appelkose aan die smouse verkoop. Daar was ’n hele laning yslik groot appelkoosbome.

Oupa, hy het net kinders gemaak — mielies en lusern geplant en kinders gemaak.

Ouma was ’n fantastiese vrou gewees. Sy het nooit gepraat nie; sy het net gewerk - haar dood gewerk. Sy het altyd drie huishulpe gehad. Hulle het Maandae die wasgoed gekom was - hulle het die wasgoed [by die huis] gaan haal en dit rivier toe gevat en dit daar gewas. Dan is die wasgoed oor die bosse en boomtakke gesprei om dit te laat droog word. Teen die aand, wanneer die wasgoed droog is, bring hulle die bondels terug. Die volgende dag het die drie weer gekom om die wasgoed te stryk. Daar was so ’n lang tafel in die kombuis met drie primusse daarop, en dan stryk hulle die wasgoed daarso [met ysterstrykysters wat op die primusse warm gemaak word].⁵

Boetie het altyd ook sy eie tuine gehad en [sy groente] het hy in die dorp gaan verkoop - dis hoe hy sy geld gemaak het om te studeer en Pretoria toe te gaan. Van al die seunskinders was Boetie die enigste een gewees wat hard gewerk het.

Boetie, Dries en Piet [Pelsers]⁶ het altyd lang lyne in die Vaalrivier gegooi elke middag - vislyne met hoeke - en soggens as hulle wakker word, voordat hulle skooltoe gaan, gaan haal hulle die visse. Die geelvis het Ouma gaargemaak en die

barbers het hulle buite op 'n primus gaargemaak. Dan eet die seuns die barbers. Ouma het gesê, “*jy bring nie daardie goed in my huis in nie*”.

Kätz was fantasties gewees en het vir Ouma baie gehelp. Ouma het altyd gesê Ansa en Kätz was haar regterhande gewees. Kätz was heelwat jonger as Ans (ongeveer ses jaar) en toe Ans uit die huis is, het Kätz oorgeneem.

Lil was 'n bietjie befoeterd gewees - ek sê 'n bietjie, maar sy was baie. Sy het vir Ouma 'n vreeslike moeilike tyd gegee. Ek was skaam [oor hoe Lil] vir Ouma [behandel het]. Moenie vir Jay sê nie. Sy het ook vir Marietjie getakel toe sy so 16 jaar was. Toe hardloop Marietjie weg van haar af - Marietjie staan toe aan die pad se kant van die leivoor en sy aan die huis se kant. Lil wil toe vir Marietjie slaan en dié kry 'n yslike riet en het sy vir Lil gelooi! En Marietjie was sterk. Oupa en Ouma was nie by die huis gewees nie - hulle het vir vriende gaan kuier. Marietjie hardloop toe weg vir so 'n uur of so en sy kom toe terug toe Oupa en Ouma terug by die huis is. Lil wou gehad het Marietjie moes bodorp toe gegaan het om vir haar garing te koop en toe sê Marietjie nee sy wil nie - jy ken mos vir Marietjie [hoe hardekop sy was].

Marietjie se lieflingsplekkie was onder haar bedjie in die voorslaapkamer. Sy het altyd onder die bedjie gaan lê. Die kamer het melfoid op die vloer gehad en dit was die koelste plek gewees in die somer. Sy het altyd daar gaan wegkruip want sy wou nie huiswerk gedoen het nie.

Kotie was ook moeilik gewees. Sy was ook soos Saks baie hoogmoedig gewees - baie skaam vir haar oorsprong. Ek kan nie verstaan dat kinders vir [sulke] fantastiese ouers kan skaam wees nie. Oupa was so haastig om 'n Jacobus Johannes⁷ te hê, dat hy vir Kotie Jacobus Johannes genoem het - dié dat hulle haar Kotie genoem het. Sy was so kwaad vir Oupa gewees omdat hy haar 'n seunsnaam gegee het.

Saks was hiperaktief en hipersensitief en hy was 'n skraal seuntjie met swart hare en pragtige blou oë, net soos Ouma. Hy was heeltemal anders as die ander kinders gewees; baie sensitief, het baie gou seergekry, maar ek weet nie veel van hom af nie. Hy het Kimberley toe gegaan en daar gaan werk en die ambag van diamantslyper geloop by De Beers. Van Kimberley af het hy Johannesburg toe gegaan en daar as diamantslyper gaan werk.

Dries was die skatlikste ding gewees. Hy was ses jaar ouer as ek en hy was vier jaar oud gewees toe Ans getroud is. Hy het so baklei met JJ - hy het gesê hy kan nie vir Ansa wegvat nie, “*want Ansa is my ma*”. Ouma het so gemaak, dat as daar 'n babatjie is dan vat Lil of Ansa die babatjie en pas hom/haar op. Ans het vir Dick opgepas [daarom het hy haar beskou as sy ma]. Toe sê JJ vir hom, “*as ek haar by jou koop. kan ek haar rnaar kry*”? “*Ja*”, sê Dick, “*'n appel, 'n lemoen en twee piesangs*”. Toe is hy heeltemal tevrede dat Ansa gaan trou.

¹ Jay Martin se oupa en oma, Owen en Annie Martin (die Engelse Annie).

² Annie van der Walt was 46 jaar oud toe haar jongste kind, Dries, gebore is.

³ Dit is 'n verwarring met **Jacobus Johannes Venter**, Oupa en Ouma van der Walt se oupa, wat verskeie kere as Waarnemende President van die Vrystaat opgetree het. J. J. Venter was die vader van Oupa van der Walt se ma, *Aletta Sophia Venter*, en van Ouma van der Walt se pa, *Sarel Jacob Venter*. (Oupa en Ouma was neef en niggie.)

⁴ Nic (Stephanus Nicolaas Coetzee) was Frans Coetzee se jonger broer.

⁵ Daar moes ten minste twee stryksters gewees het vir elkeen wat stryk, want terwyl daar met een strykster gestryk word, moet die ander een solank warm word op die primusstofie.

⁶ Piet (Petrus Jacobus) Pelser was die aangenome seun van Ouboet en Ousus Lombard.

⁷ Kotie se naam was nie Jacobus Johannes nie, dit was Jacoba Johanna; dus net afgelei van Jacobus Johannes.